DIE GEESTELIKE GAWES

1 Kor 12: 1: Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees.

1 Kor 12: 4-6: daar is ..

- vs 4: 'n verskeidenheid van **GENADEGAWES (motivations),** maar dit is dieselfde Gees wat dit gee;
- vs 5: daar is 'n verskeidenheid van **BEDIENINGE (ministries),** maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee;
- vs 6: daar is 'n verskeidenheid van kragtige **WERKINGE (manifestations),** maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring.

Drie kategorieë geestelike gawes

Genadegawes / Motivations – 1 Kor 12: 4 / Rom 3: 3-9 / Motiveringsgawes – deur Vader aan kerk gegee

Bedieninge / Ministries – 1 Kor 12: 5 / Ef 4: 7-11; 1 Kor 12: 27-31 / Bedieningsgawes (ministry gifts) deur die Seun aan kerk gegee

Werkinge / Manifestations = 1 Kor 12: 6 / 1 Kor 12: 8-10 / Werkinge (manifestations) deur Heilige Gees aan kerk gegee

Wanneer ons ons motiveringsgawe gebruik deur ons bediening, **bepaal die Heilige Gees watter manifestasie die ontvanger die meeste sal baat**

Wat die Heilige Gees gawes NIE is NIE

- natuurlike talente is nie geestelike gawes nie ((IK, sport, kuns)
- vrugte van die Gees is nie dieselfde as gawes van die Heilige Gees nie (vrugte – verwagte uitkoms van die proses van groei soos ons met God wandel; gawes is soos kersfeesboom & vrugte is soos appelboom)
- H/Gees gawes is nie dieselfde as 'counterfeit' gawes nie (satan counterfeit elke gawe – sien Exod 7: Farao se towenaars se stawwe verander ook in slange soos Aaron s'n / $21 noot??)

Paulus:

- In 1 Kor 12 definieer hy die verskillende kategoriee gawes van die HGees en beskryf hy die veelvuldige – en verskillende manifestasies van die Gees
- In 1 Kor 13 verduidelik hy dat liefde en onselfsugtige motiewe die hoeksteen asook voorvereiste is vir die werking of vloei van die gawes van die H/Gees
- In 1 Kor 14 beklemtoon hy die belangrikheid van selfbeheersing en verduidelik hy hoe die gawes tydens die samekomste van die gelowiges op 'n ordelike wyse gebruik moet word

Prerequisite for operating in the gifts – is having the H/Spirit **resident** in you

Key to operating in the gifts – is **desire**

What is **essential** for operating in the gifts of the Spirit – **a teachable & submissive spirit**

Die 7 Motiveringsgawes: Rom 12: 3-9: gawes deur die Vader gegee

- Profesie
- Diens
- Lering
- Bemoediging
- Om te gee
- Leierskap
- Barmhartigheid

Basic inward drive

Profeties gemotiveerde mense

Karaktertrekke

- Verklaar waarheid onverskrokke (reckless truth declarer) / neem standpunt in oor morele en etiese kwessies / sal nie skroom om jou tereg te wys as jy uit lyn uit is nie / het 'n behoefte om hulself verbaal uit te druk / hulle waak oor die reputasie en doelwitte van God en die koninkryk / praat reguit / identifiseer met mense en praat met meegevoel en nie vanuit die hoogte nie – nie 'n 'holier than thou' gesindheid nie / wil hê mense moet hulle 'blind spots' erken en uitsorteer

Probleemaras

- Praat baie reguit en ondiplomaties / moet leer om die waarheid in liefde te spreek / moet 'n sagter, meer aanvaarbare manier vind om hulleself uit te druk (opereer nie met 'n kettingsaag op iemand se hart nie – maar met 'n scalpel / is meer geinteresseerd in groepwerk en gevolglik kan individu afgeskeep voel / dikwels meer gefokus op ander se mistasting as hul eie / wys graag ander tereg maar is uiters stram om self tereg gewys te word / diegene wat agter jou rug praat, het nie hierdie salwing nie – dan is dit 'n 'counterfeit gift' / H/Gees prompt nooit iemand om agter jou rug toksiese gesprekke met mede-gelowiges oor jou te hê nie / koffie tafels!! / and suddenly they were there no more!!

Diens gemotiveerde mense

Hierdie gawe vind meer uitdrukking deur DADE as deur woorde. Diens-georienteerde mense is gemotiveerd om te doen, is dikwels vaardig met hul hande en het fisiese uithouvermoë

Karaktertrekke

- Sien altyd raak wat gedoen moet word / is sensitief vir – en bevredig ander mense se praktiese en fisiese nood / hou van praktiese doen-projekte / het nodig om waardering te hoor / gee nie maklik verantwoordelikheid af nie / is dikwels by 'n menigte aktiwiteite betrokke omdat hulle nie nee kan sê nie

Probleemareas

- Mag lyk of hulle aan ander wil voorskryf / hulle is nie gesteld op 'red tape' nie – en dit mag daartoe lei dat ander uitgesluit word en nie deel voel van die projek nie / hulle dikwels nie ingestel op hul eie behoeftes nie en dit mag negatief beleef word deur lede van hulle eie gesin / hulle vind dit moeilik om diens van ander te aanvaar / kry maklik seer wanneer waardering nie uitgespreek word nie / hulle begeerte om te help soms nie in lyn met God se handelinge met die ander persoon nie / hulle is so besig om dinge prakties of fisies te doen, dat dit mag lyk asof hulle vleeslik en nie geestelik ingestel is

Lering gemotiveerde mense

Karaktertrekke

- Geniet navorsing en gebruik dit om waarheid te bevestig / Paulus / toets die kennis van die by wie hulle leer / meet of toets nuwe informasie aan bevestigde bronne van waarheid / het vermoe om waarheid op sistematiese manier aan te bied – Rodney Howard Brown vs Derek Prince / hou jou aandag gevange / vermy die gebruik van buite Bybelse illustrasies / vermy die gebruik van skrifgedeeltes uit konteks

Probleemareas

- Hulle beklemtoon skrif-illustrasies en skrif-interpretasies en mag geneig wees om die praktiese aanwending daarvan af te skeep / hul navorsing mag die indruk skep dat hulle meer afhanklik is van boeke as van die lering-bediening van die Heilige Gees / dit mag voorkom asof hulle hoogmoedig is wanneer hulle hul kennis gebruik om ander te toets of te onderrig – en soms is dit die geval !! / die detail van hul navorsing mag vir die wat daarna luister, oorbodig voel

Bemoediging gemotiveerde mense

Karaktertrekke

- Hul gawe is deurvleg met liefde / hulle put baie uit praktiese lewenservaring – in teenstelling met die leraar wat baie meer vertrou op teoretiese skrif-waarheid / vertroos en bemoedig dikwels ander vanuit die vertroosting wat hulleself ontvang het / visualiseer spesifieke doelwitte vir die persoon en verwag dan dat hy 'n spesifieke plan van aksie sal volg om daarby uit te kom / het die vermoe om in geloof die die persoon aan die einde van die herstelproses te visualiseer – 100% genees, herstel, vergewe en gerestoureer / is dikwels baie optimisties en oplossing georienteerd / het insig in die plan van aksie o mom by die oplossing uit te kom / sal soms toelaat dat 'n persoon deur 'n moeilike situasie werk omdat hulle besef dat probleme en uitdagings volwassenheid in mense werk / geniet dit om te sien hoedat mense die regte besluite begin nee mom uit hukl omstandighede of situasie te kom

Probleemareas

- Hulle lê dikwels klem op reaksie en positiewe stappe wat die persoon wat vir berading kom moet neem - dus kilionk dit soms vir lg asof sy/haar probleem onderbeklemtoon word (asof dit nie so erg is nie)

- Die persoon wat beraad word, mag okm beleef dat sy/haar gevoelens of emosies geignoreer - of buite rekening gelaat word / hulle is daarop ingestel om ongeredde mense deur hul voorbeeld na Jesus te trek / gevolglik lyk dit asof hulle nie in een-tot-een-evangelisasie belangstel nie

Vrygewigheid gemotiveerde mense

Hul motivering is om persone, projekte, organisasies ens te ondersteun deur te gee / hulle neem aan projekte deel en is betrokke deur te gee / hierdie gawe is nie gereserveer vir die rykes nie en finansies is maar een manier waardeur gegee kan word

Karaktertrekke

- Het dikwels die vermoe om geld/inkomste te genereer
- Het begeerte om vir die Here se werk te gee
- Voorsien graag in behoeftes wat deursnee christen nie raaksien nie
- Ervaar groot vreugde wanneer hule hoor dat wat hulle gegee het, 'n antwoord op 'n spesifieke gebed was
- Gee graag iets van goeie gehalte
- Deur vir 'n spesifieke projek te gee, sê hulle 'ek is hierby betrokke'

Probleemareas

- Hulle begeerte om effektiwiteit van 'n bediening te verhoog deur te gee, mag vertolk word as 'n poging om te 'beheer'
- Hul geneigdheid om met groot bedrae geld te werk, mag by sommige die indruk skep dat hulle materialisties is

Leierskap gemotiveerde mense

Karaktertrekke

- het 'n oorhoofse visie van waarheen die groep op pad is
- gee rigting en duidelikheid oor langtermyndoelwitte
- bly op hoogte van bronne wat beskikbaar is (bv finansies, mens en lokale)
- is geneig om leierskaprol op hulle te neem wanneer daar geen leierskap is nie
- kry die taak afgehandel deur ander mense
- weet watter take om aan watter mense te delegeer
- sien uit na 'n volgende uitdaging en is gedurig op die uitkyk vir 'n volgende droom, doelwit of visie

Probleemareas

- hul vermoe om te delegeer kan verkeerdelik as 'n onwilligheid om die werk self te doen, vertolk word
- omdat hulle nie altyd verduidelik waarom 'n taak uitgevoer moet word nie, kan werkers dalk voel hulle word misbruik
- omdat hulle werkers as hulpbronne sien waarmee die taak effektief uitgevoer kan word, mag dit vir sekere werkers voel asof die projek belangriker is as die mense

Barmhartigheid gemotiveerde mense

Mense met die motiveringsgawe is dienaars wat voel. Hulle het medelye, is sag, minsaam en jammerhartig teenoor ander. Hulle help ander deur saam met hulle die pyn te voel / beleef. Hulle het 'n fyn aanvoeling vir die persoon se gemoedstoestand en reik dan uit na hom.

Karaktertrekke

- waar diens gemotiveerde mense die doeners is, is hulle die voelers
- Is geneig om meer te fokus op mense wat emosionele probleme het as diegene in fisiese nood
- Poog om mense te help deur medelye met hulle te toon
- Is baie beskermend van geaardheid
- Is nie maklik streng met 'n persoon nie – tensy hulle oortuig is dis enigste manier om resultate te sien

Probleemareas

- Omdat hulle nie met die persoon wil streng wees nie, kom hulle voor as swak en besluiteloos
- Omdat hulle senstief is vir die persoon se emosies, mag dit lyk asof hulle slegs daardeur gelei word en nie deur logika nie
- Hul aangetrokkenheid tot – en betoning van begrip teenoor iemand in nood mag verkeerd geinterpreteer word – veral deur iemand van die teenoorgestelde geslag
- Aangesien hulle die pyn van 'n ander self intens beleef, kan hulle self ook maklik seergemaak word

illustrasie